

INLIGTINGSTUK:

ALGEMEEN:

Sedert 1960 bied ons gehalte voorskoolse onderwys en versorging. Ons skool is op Christelike beginsels gebaseer en dus 'n Christelike etos. Peuters en kleuters word toegelaat vanaf ouderdom 3 maande tot 6 jaar (Gr. R).

Die taalmedium waarin ons klasse aangebied word is Afrikaans.

SKOOLURE:

Die skool is oop vanaf 07:00 tot 17:30 Maandae tot Vrydae. Die skool is gesluit oor naweke en publieke vakansiedae.

Aankomstyd is vanaf 07:00-08:00. Opvoedkundige program begin om 08:00. Die skool is oop gedurende skoolvakansies.

Ons sluit vir 10 – 12 werksdae gedurende Desember/Januarie.

SKOOLFONDS:

Skoolfonds is stiptelik vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand.

DEBITORDER , ELEKTRONIESE BETALING, KAARTFASILITEIT - GEEN KONTANT.

BANKBESONDERHEDE: SAVF Cecilia van Wyk Kleuterskool

ABSA 1070810030 TAKKODE 632005

VERWYSING: Kleuter se Naam en Van

AFLAAI EN OPLAAI VAN KLEUTERS:

Tussen 07:00 en 08:00 is 'n personeellid aan diens by die ingangshek van die skool. Kleuters mag onder geen omstandighede voor die skoolhek afgelaai word nie, hulle moet persoonlik oorhandig word aan 'n personeellid.

WAT MOET DIE KLEUTER SAAMBRING:

Elke kleuter moet sy eie tas saam bring skool toe. Die kleuter moet voorsien word van 'n kosblik met 'n versnappering (bv. 'n toebroodjie en/of vrug en/of joghurt vir 10:00 en 15:00. U kleuter moet 'n waterbottel daagliks saam skool toe bring. Geen soetgoed in die kosblik nie. Op Vrydae mag u wel 'n lekkerding vir u kleinding inpak. Kinders klim en klouter die hele dag - trek daarom asseblief vir u kleuter gemaklike klere aan. 'n Stelletjie skoon klere moet in die tas gepak wees. Kleuterskool hempies is beskikbaar in die kantoor vir 'n koste van R 130.00. Alle klere, skoene en enige ander artikels wat aan die kleuter behoort, moet gemerk wees. 'n Matras en kombesie word verskaf deur die skool vir rustyd.

MAALTYE:

Smaaklike, gebalanseerde maaltye word elke dag voorsien (ontbyt, middagete en verversings). Daar sal daagliks 'n spyskaart by die kennisgewingbord wees. U pak 'n kosblikkie met gesonde happies, asook 'n waterbottel vir die dag. Enige voedselallergie moet asseblief onder ons aandag gebring word.

AANPASSING:

Die aanpassing van u kind by die nuwe skool en onderwyseres kan moeilik wees en neem dalk 'n rukkie. Met ons ervare personeel behoort u kind binne 'n paar dae aan te pas en tuis te voel.

KOMMUNIKASIE:

Elke klas maak gebruik van 'n "Whatsapp" groep om vinnig inligting, omsendbriewe en foto's te deel. U is welkom om die klasjuffrou op haar selfoon te kontak. Neem wel kennis personeel kan nie op selfone wees tydens toesig tyd nie. Juffrou sal u terug kontak op 'n geleë tyd. Kontak die kantoor vir enige dringende boodskappe asseblief. Gereelde kommunikasie met klasonderwyser word aangemoedig. Dit sal egter waardeer word indien afsprake vooraf gereël word sodat gesprekvoering ongesteurd kan plaasvind. Van tyd tot tyd deel die skool foto's van geleenthede op sosiale media soos FACEBOOK - gee asseblief toestemming op aansoekvorm sodat ons foto's van u kleuter kan deel.

DISSIPLINE:

Toepassing van dissipline geskied op 'n positiewe en nie-afbrekende manier nie. Elke onderwyseres maak gebruik van 'n beloningstelsel. Positiewe gedrag word beloon.

MEDIKASIE:

Indien u kleuter medikasie gebruik, moet dit soggens aan die persoonlid aan diens by die toegangshek oorhandig word - vir toediening gedurende die dag. Geen medikasie in tassies asseblief. U voltooi self die medisyne boek soos volg: naam van die kleuter, dosering en toedieningstye. Onthou asseblief om dit weer namiddag by die persoon aan diens af te haal.

BESERINGS:

Alle moontlike voorsorgmaatreëls word getref om beserings te beperk, maar kleuters kan seerkry terwyl hulle speel. Personeel beskik oor die nodige eerste hulp kwalifikasies. In geval van nie-ernstige beserings word beserings by die skool behandel en ouers word ingelig wanneer hulle die kleuter kom haal. Beserings waar mediese sorg benodig word, word ouers onmiddelik geskakel en gevra om kleuter te neem vir mediese behandelings. Ongeluksverslag sal aan ouer verskaf word.

ONS KINDERS SE GESONDHEID:

U sal versoek word om u kleuter by die huis te hou indien u kleuter:

- meer as drie keer in twaalf uur braak
- diarree het
- aansteeklike siektes het
- koors bo 37.5°C
- kindersiektes het
- hewige hoes
- enige vel uitslag
- kopluse het

U kleuter sal weer toegelaat word indien die toestand verbeter. GEEN SIEK kleuter sal by die kleuterskool toegelaat word nie. U sal onmiddelik in kennis gestel word as dit blyk dat u kind siek is. Medikasie vir allergieë, bv. bysteek moet deur u voorsien word. Indien u kleuter 'n asmaleier is, moet die pompie ingeteken word in die kantoor.

SEKURITEIT:

CCTV kameras in klaskamers. Toegang tot skool word beheer deur afstandbeheer.

OPVOEDKUNDIGE PROGRAM VAN DIE SKOOL:

Ons dagprogram maak genoeg voorsiening vir goeie afwisseling tussen rustyd, roetineyd, kringtyd en verskillende aktiwiteite tydens vryspel. Met ons hoë standaard in aanbieding en beplanning poog ons personeel om altyd die dagprogram vars en sprankelend te hou. Weeklikse temas word aangebied wat ons kleuters bewus maak van die wêreld rondom hulle. Die 18 maande tot 5 jaar Nasionale Kurrikulum raamwerk word gevolg om die 6 ELDAS Vroeë kinderontwikkeling areas te ontwikkel.

Babaklas (3 – 15 maande) - Ons verstaan dat elke baba 'n kosbare gawe is - ons babas verdien die uiterste sorg, omgee, stimulasie en geleentede vir ontwikkeling. Ons is opgewonde om 'n warm en liefdevolle omgewing te bied waar jou kleinding kan floreer en groei. Sorg is die kern van alles wat ons doen. In die Hasiëklas gee ons toegewyde span versorgers aandag aan elke behoefte van jou baba met liefde en sorg. Ons gee prioriteit daaraan om 'n omgewing te skep wat fisieke en emosionele welsyn bevorder sodat jou kleinding se basiese behoeftes met die grootste sorg en liefde vervul word. Ons erken die kritiese rol van stimulasie in 'n kind se vroeë jare. Ons babasentrum is ontwerp as 'n oase van ontdekking en verkenning, waar jou kleinding se natuurlike nuuskierigheid gekoester en aangemoedig word.

Graad R - Die Nasionale Kurrikulum (CAPS) word gevolg as 'n minimumvereiste. Wiskunde, Taal en Lewensvaardigheid word geïntegreerd aangebied. Onder die waaksame oog van die onderwyser, word kleuters geleer om selfstandig te werk en só die oorgang van informele onderrig na formele onderrig met gemak te bemeester.

Vorderingsverslae – Alle kleuters ontvang in die 1^{ste}, 2^{de} en 4^{de} kwartaal verslae van klasonderwyseres.

Gr R kleuters ontvang in die 1^{ste}, 2^{de}, 3^{de} en 4^{de} kwartaal verslae.

DAGPROGRAM:

Vryspel: In die klas of op die speelarea. Hierdie deel van die program beteken dat die kleuters binne aan 'n verskeidenheid aktiwiteite kan deelneem onder toesig van die onderwyseresse. Hierdie aktiwiteite sluit onder andere in: Fantasiëspel, blokspeel, sandspel, fietse, legkaarte, en nog vele meer.

Aankoms by klas: Ons kom in die klas bymekaar om gesamentlik ons dag se verrigtinge te open en te begin.

Teenwoordigheid en weerkaartbespreking: Hier kry die personeel die geleentheid om elkeen van die kleuters individueel op sy/haar naam aan te spreek en so kontak te maak. Die gewyde opening sluit enkele gebede deur die kleuters in, asook die sing van gewyde liederes en boodskap uit die Bybel. Die personeel kontroleer op die teenwoordighedsregister wie almal teenwoordig is en ons kyk na die dag se weer. Nuuskring word ook gehou.

Toiletroetine: Dis 'n belangrike deel van die program waar die kleuters geleer word om selfstandig die toilet te gebruik en sindelikhed word bevorder.

Gerigte aktiwiteite: Hier kry ons te doen met ons temabespreking, versies, sang- en musiekaktiwiteite, bewegingspele, persepsie, wetenskap en so meer.

Storietyd: Dis 'n baie belangrike deel van die dag - nie net vir die rede omdat kleuters baie lief vir stories is nie, maar ook vir die onskatbare waarde van taalontwikkeling, emosionele ontlading, luistervaardighede wat aangeleer word, asook die ouditiewe geheue wat uitgebrei word. Elke kleuter behoort daagliks tuis na 'n storie te luister, en terug te vertel - dit is van onskatbare waarde vir die bevordering van taal en leesgevoel.


Temabespreking: Elke week se leerinhoud sentreer rondom 'n tema waarvan die inhoud uitgestal word. Inhoud verskil by die verskillende ouderdomsgroepe en word moeiliker soos wat die kleuter ouer word. Die temas word aan u deurgegee. Vra u kleuter uit oor sy dag, dit gee 'n gevoel van "ek is belangrik, my ma sien my en my behoeftes raak, sy stel belang in dit wat ek doen!"

Kuns/Skeppende aktiwiteite: Die doel van hierdie aktiwiteite is om aan die kleuter sekere vaardigheidstegnieke te leer, sodat hy/sy met die tegniek kan bemeester met die materiaal tot sy beskikking. U moet u dus nie blind staar teen die eindproduk nie. Dit is nie hoe dit lyk nie, maar hoe dit daar gekom het. Dit is baie belangrik om elke prentjie wat huis toe kom, te bewonder en te waardeer! Maak asseblief 'n ophef van sy/haar werk.

Bak-en-brou: Juffrou sal u in kennis stel wanneer die klas gaan bak-en-brou. Die kleuters geniet dit terdeë. Juffrou sal beurte maak deur 'n paar ouers op 'n slag te kontak met die lysie van benodighede vir die week.

Etenstyd: Vind aan tafel plaas. 'n Rustige atmosfeer word geskep om rustig te eet. Tafelmaniere en gesonde eetgewoontes word bevorder.

Buitespel: Die buite-area is 'n verlenging van die leerprogram in die klas. Dit bied meer geleentheid vir grootmotoriese beweging en ondersoekende aktiwiteite. Al hierdie aktiwiteite vorm deel van die kind se totale leerervaring.



IMMUNISASIES:

Die skool neem geen verantwoordelikheid vir immunisering nie. Dit is die plig van die ouer om toe te sien dat alle immuniserings op datum is.

EIE SPEELGOED:

ASSEBLIEF GEEN SPEELGOED NIE. Die kleuterskool beskik oor baie opvoedkundige speelgoed en dit is ook juis een van die vaardighede wat aangeleer word –om te deel! Spesiale speelgoeddae word gehou wanneer kleuters hulle eie speelgoed mag bring.

VERJAARDAE:

Verjaardae is 'n groot geleentheid vir elke kleuter en ons deel graag in die vreugde. Ouers is welkom om versnapperings skool toe te stuur sodat kleinding sy/haar partytjie by die skool kan vier. Vooraf reëlings moet egter met die klasonderwyseres getref word.

HER-REGISTRASIE:

'n Nie-terugbetaalbare her-registrasie fooi van R600.00 per gesin is betaalbaar.

KENNISGEWING:

Een kalender maand geskrewe kennisgewing word verwag as u as ouer die kleuter uit die kleuterskool wil neem. Neem asseblief kennis dat November en Desember as een kennismaand dien.

POTJIE-AFRIGTING:

Hierdie is 'n baie belangrike stadium in u kind se lewe. Dit behoort 'n gesonde ervaring te wees sonder spanning. Ons personeel is ervare en baie geduldig.

ADDISIONELE AKTIWITEITE:

Die volgende addisionele aktiwiteite word aangebied. U as ouer staan onder geen verpligting om u kleuter te laat deel neem nie.

Maandag	Little Readers	Dominique	072 213 1116
Dinsdag	Aqua Kid Swemklasse (vanaf 18 maande)	Louise	082 411 0678
Dinsdag	Playball	Carlize	072 500 5644
Woensdag	Besige Miertjies	Marlise	079 864 0804
Donderdag	Trinette's Dance Academy	Trinette	083 650 5379
Donderdag	Puma Kids	Morné	060 650 6265

KOMMUNIKASIE:

Die kommunikasieboek is soggens by die hek beskikbaar vir ouers se gebruik. Elke klas maak gebruik van 'n 'Whatsapp'-groep om vinnig inligting, omsendbriewe en foto's te deel. Gereelde kommunikasie met klasonderwyseresse word aangemoedig. Dit sal egter waardeer word indien afsprake vooraf gereël word sodat gesprekvoering ongesteurd kan plaasvind.

SKOOLBENODIGHEDE:

Hierdie benodighede moet saam met u kind gestuur word op sy/haar eerste dag by die skool of aan die begin van die nuwe jaar.

HASIEKLAS	PERDJIEKLAS	VISSIEKLAS	PANDAKLAS	GEELKLAS (GRAAD RR)	GRAAD R (6 JAAR)
1x Wet Wipes (2 per maand) vir klas gebruik	1x Wet Wipes (een per maand)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)

1x A5 192 bladsy hardebandboek oorgetrek met naam en van	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier
		9-12 Stuk legkaart	24-stuk legkaart	1x Ponalgom 100ml	1x Pak Oliepastelle
		2 x Ponalgom 100ml	1 X Ponalgom 100ml	2x Pakkies Uitdraaikryte	1x Ponalgom 100ml
		1x Pritt gomstiffie 40g	1x Pritt gomstiffie 40g	1x Pritt gomstiffie 40g	1x Pritt gomstiffie 40g
				1x 36-stuk legkaart	2x Witbordpenne
				1x Stompneus skêr	2x Pakke uitdraaikryte
				1x 2L Roomysbak	A4 Plastiek koevert
					1x Stompneus skêr
					1x Pennesakkie
					1 ^{ste} & 2 ^{de} kwartaal 48- stuk legkaart 3 ^{de} & 4 ^{de} kwartaal 63-stuk legkaart
					2x HB potlode

ALLE BENODIGHEDE MOET ASSEBLIEF DUIDELIK GEMERK WEES!

'n Wijkie Bytjie Skoolhempie om op Vrydae of instappies/uitstappies te dra – R130.00 (kan in die kantoor ontvang word).

BENODIGHEDELYS VIR DIE KUNSSTOOR:

Ons is afhanklik van ouers vir die skening van bruikbare afvalmateriale vir die verryking van ons skeppende aktiwiteite. Dieselfde geld vir stukkende implemente, ou speelgoed en ou klere vir die fantasieareas. Indien moontlik, kan u asseblief die volgende items skool toe stuur soos u dit versamel by die huis:

Eierdoppe (gewas as u kan)	Joghurt houertjies	Knope	Gedrukte rekenaarpapier	Koerante/"Shredded papier"	Geskenkpapier
Vuurhoutjie boksies	Foelie	Skoenbokse	Speelgoed/poppe/karretjies	Toiletrolletjies	Tydskrifte /storieboeke
Groentesakkies	Ou tennisballe	Afval materiaal	Afval Wol	Kurkproppe/ Doppies	Papierborde
Roomysstokkies	Polystyrene Bakkies	Purity Botteltjies	X-straal plate	Saagsels	Blinkers/Glitter
Ou rekenaars	Weermag klere en "boots"	Hoë hakskoene, handsakke,	Ou haardroërs	Kostuumjuwele	Ou selfone/telefone

Enige verdere inligting kontak ons gerus.

Kleutergroete